semen	**liggaamsvloeistof** wat vanaf die **penis** gedurende **orgasme** geëjakuleer word. **Semen** bevat **sperm** by alle vrugbare mans, en ook **MIV** by besmette mans.
seminale buise	buise wat **semen** bevat
seks	1) die biologiese realiteit van man en vrou 2) gemeenskap; wanneer ’n mans se **penis** binne ’n man of ’n vrou geplaas word
seksuele teistering	enige ongewensde seksuele nadering; ‘nee’ beteken ‘nee’ (sien **verkragting)**
seksualiteit	seksuele identiteit
soldaatselle	sien **immuniteitstelsel** en **bloed**
sperm	maak ’n vrou swanger en word in **semen** bevat
spermdoder	chemiese jellie of **smeermiddel** wat **sperm** doodmaak (sien **semen)**
SOS’s/SOI’s	Seksueel Oordraagbare Siektes/Infeksies; siekte wat oorgedra word tydens **seks**
stereotipe	valse veralgemening oor ’n individu of groep sonder basis van werklikheid of feite: ‘sy kan nie bestuur nie, sy is ’n vrou’ of ‘alle mans is arrogant en dom’
testikels	manlike **seksorgane** waar **sperm** vervaardig en gestoor word
oordraging	die manier waarop iets van een plek na ’n ander gaan. **MIV** word deur **bloed** tot **bloed** kontak tussen mense oorgedra. **MIV** word gewoonlik deur **heteroseksuele seks** sonder ’n **kondoom oorgedra,** maar ook deur ander soorte **seks,** veral **anale seks.** Nie-seksuele metodes van **oordraging** sluit vanaf moeder na kinder deur die **baarmoeder,** geboorte of borsmelk in; en deur die gesamentlike gebruik van **besmette** inspuitings, naalde en tatoeëer- of steekspelde.
transseksueel	iemand wat hulle **seksorgane** deur operasie verander het
transvestiet	iemand wat die voorkoms en karaktereienskappe van die teenoorgestelde **geslag** aanneem; iemand wie se **geslag** en **seks** nie pas nie
VN	Verenigde Nasies; die internasionale organisasie wat vir globale en internasionale wetgewing, menseregte, oplossing van konflik, rampverligting en die bevordering van vrede, redverdigheid en internasionale sekuriteit verantwoordelik is
VNVIGS	Verenigde Nasies **VIGS-**agentskap wat vir die verligting van **MIV/VIGS** verantwoordelik is
urinebuis	kanaal waardeur **urine** uitgeskei word in beide mans en vrouens; mans stel ook **semen** deur die **urinebuis** vry
urine	vloeistofafval wat deur die liggaam **uitgeskei** word; die niere reinig die bloed van afval wat **urine** is
uterus/baarmoeder	vroulike **seksorgane** waar die vrugbare eiers gedeponeer word en in ’n baba ontwikkel
vagina	interne vroulike **seksorgaan,** wat die **vaginale opening** tot die **uterus** verbind (ook bekend as die vaginale kanaal)
vaginale opening	opening na die **vagina,** die uitwendige lippe of labia
saadbuis	manlike buis wat die **sperm** vanaf die **testikels** na die **seminale buis** vervoer
virus	organisme wat ’n **gasheer** benodig ten einde te oorleef en te vermeerder
vulva	uitwendige versameling van vroulike **seksorgane,** insluitende die **klitoris,** lippe en **vaginale opening**
WGO	Wêreldgesondheidsorganisasie, internasionale gesondheidsliggaam
Wêreld Vigsdag	1ste Desember; ’n dag waarop almal onthou hoe **MIV/VIGS** almal van ons raak.

© 2004 Sekolo Projects Inc.
This document may be freely distributed provided no charge is made.